Die Voortrekkers

Transvaal
Omsendbrief
November 2019

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

22 November 2019

Beste voortrekkervriende,

Die Desember 2019 skoolvakansie wink en dis ongelooflik om te dink dat die vierde skooltermyn bykans verby is.

1. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Die afgelope jaar het baie hoogtepunte gehad, en is afgesluit met die gebiedsraad. Almal het saamgekom om saam te gesels oor die afgelope twee jaar se aktiwiteite. Daar is kennis geneem dat daar aan al die kongres prioriteite aandag gegee is. In sommige gevalle, het Transvaal die rigting aangegee (bv PV Konferensie).

Daar is ook begin beplan aan die aktiwiteite van die nuwe oorgangsgebiede. Die verkiesing van oorgangsdagbesture sal teen die einde van die maand afgehandel wees, en dan kan die proses in alle erns vorentoe beweeg. Hierdie is nie die einde nie; maar die begin van ‘n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van Die Voortrekkers.

Baie dankie aan die lede van die gebiedsbestuur, vir jul insette en oop gesprekke tydens die gebiedsbestuursvergaderigs. Ek het groot waardering dat julle hierdie moeilike reis saam met ons aangepak het; en groter waardering vir die manier waarop die reis verder aangepak sal word.

Baie sterkte aan die nuwe kommandodagbesture vir jul termyn wat ‘n aanvang neem. Mag jul die tema van Ons Glo, uitleef in al jul aktiwiteite en diensprojekte.

Die gebiedsbestuur het die tema uitgebrei deur te sê “*Ons Glo in ons roeping”.* As voortrekkeroffisiere onderneem ons om die grondslag, wese en doelstellings van die Voortrekkers aan die jeug oor te dra. Hierdie vorm deel van ons roeping om die afrikanerjeug en ons gemeenskappe te dien.

Ons glo dat ons, ons roeping om die organisasie beter te dien, sal kan uitleef.

Ons glo dat elkeen ‘n vreugdevolle Christusfees sal ervaar. Geniet die feesseisoen saam met familie en vriende.

2. Administrasie
(Stadige verkeer)

2.1 Gewysigde e-pos adresse

Neem asseblief kennis van die nuwe e-pos adresse wat met onmiddellike effek inwerking getree het:

gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za vir Zandra Machin, in hoedanigheid as gebiedsleier.
admin@transvaal.voortrekkers.co.za vir Elsa Schnetler, in hoedanigheid as gebiedsekretaris.
kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za vir Izelle Ryan, in hoedanigheid as administratiewe beampte.
hartbeesfontein@voortrekkers.co.za vir besprekings te Hartbeesfontein.
debank@voortrekkers.co.za vir besprekings te De Bank.

2.2 Die kinderwet en Die Voortrekkers

Dit is belangrik om te verseker dat volwassenes wie werk met jeuglede betroubaar en bevoeg is om met jeuglede te werk.

Maak seker dat alle volwassenes vertroud is met die inhoud van die lidmaatskapbrosjure en die volwasse gedragskode. Ons risiko's is waar geregistreerde volwasse voortrekkerlede te familêr met verkenners is.

Die Voortrekkers se lidmaatskap vorm dek ook reeds voldoende vrae ten einde Die Voortrekkers die geleentheid te bied om ondersoek te doen sou daar enige twyfel oor 'n nuwe aansoeker bestaan.

Die voorstel dat alle volwassenes ingevolge die kinderwet (artikel 126, Wet 38 van 2005 soos gewysig), die SAPD vorm 30 **moet** voltooi, in die teenwoordigheid van die polisie, **moet** tans baie versigtig en omsigtig hanteer word. Die rede vir my stelling is dat *Die Voortrekkers* nie val in die omskrywing van artikel 126 van die Kinderwet nie.

Elke volwassene het wel die reg om ingevolge artikel 126 (3) van die Kinderwet, Wet 38 van 2005 soos gewysig, vas te stel of sy of haar naam in Deel B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister verskyn, en indien wel, die redes waarom sy of haar naam in die Nasionale Kinderbeskermingsregister opgeneem is.

Alle kommandodagbesture asook oorddagbesture behoort gereeld en ten minste een keer per jaar 'n gesprek met die kommandobestuur te hê ten einde die inhoud van die lidmaatskapbrosjure en die vowasse gedragskode met hulle te bespreek. Die gebruik van Hoofstuk 16 vir alle voortrekker aktiwiteite word ook aangemoedig.

2.3 Gebiedsjaarprogram

Die 2020 gebiedsjaarprogram is beskikbaar. Besoek gerus die Transvaal webblad https://transvaal.voortrekkers.co.za en vind die jaarprogram in die administrasie vouer onder dokumente.

2.4 SAS2

Kommando en oorddagbesture word versoek om seker te maak dat alle lede se korrekte inligting op SAS opgedateer is. Die korrekte inligting aangaande betaling en toegangsregte word vereis deur die ouditeure wanneer finansiële oudit van ons voortrekkerstate gedoen word.

Ons is tans besig om alle kommando's se SAS inligting te kontroleer. Daar is persone genader om te help met hierdie proses in hulle eie kommando's.

Alle organiseerders van GGA, GGN en gebiedskampe moet asseblief toesien dat alle inligting (inskrywings en bywonings) van spesialisies korrek op SAS gelaai word. Daarna moet 'n naamlys (verkieslik in excell formaat) na die gebiedskantoor gestuur word vir goedkeuring van die spesialisasies.

Hoofbestuur het gedurende die September 2019 Hoofbestuurvergadering besluit om voort te gaan met migrasie na SAS2. Transvaal kan dit eers doen sodra die oorgangsgebiede gestig en gevestig is en alle inligting op SAS korrek gelaai en goedgekeur is.

Die elektroniese lidmaatskapvorms moet asseblief deur almal voltooi word ten einde die korrektheid van inligting te kontroleer.

Jeuglede se ouers gebruik die volgende skakel na die elektroniese lidmaatskapvorm:
https://www.cognitoforms.com/Voortrekkers1/VoortrekkerJeuglidAansoekVormL1

Volwasse lede gebruik die volgende skakel na die elektroniese lidmaatskapvorm:
https://www.cognitoforms.com/Voortrekkers1/KommandoSAS2InskrywingsVorm

2.5 Die Transvaal webblad

Besoek die Transvaal webblad: https://transvaal.voortrekkers.co.za vir die nuutste nuus.

Ons streef voordurend na uitnemendheid en kan nou spog met nog twee (2) nuwe funksies op die Transvaal webblad:

1. Na die plasing van kennisgewings via die webblad word al daardie kennisgewings nou regstreeks en onmiddelik uitgestuur na vierduisend agt-en-negentig (4 098) e-posadresse. Indien jy nie enige e-posse ontvang nie, kan jy self registreer. Sien die landingsblad.
2. Loer na die **Dokumente vouer** op die swart balk: Die verskillende dagbestuurportefeuljes se inligting is beskikbaar in die "*dropdown*" opsie.

Alle GGA/GGN en Gebiedskamp inligting word nog steeds gestoor op drie (3) plekke op die webblad onder Dokumente, Kennisgewings en Gebeurtenisse.

1. **Dokumente:** Alle GGA/GGN/gebiedskampe se inligting (datum, naam en spesialisasies) word gestoor onder Dokumente en in die vouer gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite.
2. **Kennisgewings:** Op ons tuisbladsy is die nuutste kennisgewings van elke GGA/GGN/ Gebiedskamp waarin onder andere die kampbrief en inskrywingsvorm is. Kliek op die blouskrif vir die genoemde dokumentasie.
3. **Gebeurtenisse:** Die maandelikse kalender van elke GGA/GGN/Gebiedskamp vertoon ook in gebeurtenisse. Hier sien jy weereens die inhoud van elke aktiwiteit se kampbrief.

Soek jy ‘n GGA/GGN of ‘n gebiedskamp se besonderhede?
Gebruik die soek enjin op die maandelikse gebeurtenis kalender (Dis links bo op die kalender) vir volledige inligting of loer in die GGA/GGN en Gebiedskampe vouer vir ‘n kort opsomming.

Het jy geweet dat al die inligting vanaf ons Transvaal webblad en Transvaal Facebookbladsy direk na jou eie kommando en/of oord se FB (groep/bladsy), WhatsApp (individu/groep), telegram, Pinterest en/of twitter rekenings gedeel kan word? Sien die ikone onder aan elke kennisgewing op Transvaal Voortrekkers se webbladsy.

Alle GGA/GGN en gebiedskampe se besonderhede sal op die Transvaal Voortrekkers se webblad geplaas word na ontvang van ‘n foto wat die aktiwiteit die beste beskryf en die voltooiing en instuur van die Inligtingsvorm wat beskikbaar is by die volgende skakel:

https://drive.google.com/open?id=1MbF3JLO-wyXITAmvA2c16wsLXpfNdVeH (PDF)

https://drive.google.com/open?id=1LPuI5NX4EhVKRNMCoDJs0lj9s_4sHhvf (word)

2.6 Administrasie en SAS werkswinkel 2020

Adminstrasie en SAS werkswinkels word weer aangebied in 2020.

Die eerste opleiding sal plaasvind in Maart 2020; ons datums is as volg:
(a) 14 Maart 2020 (basiese/beginner SAS kursus)
(b) 16 Mei 2020
(c) 6 Junie 2020 (basiese/beginner SAS kursus)
(d) 7 November 2020

Kontak my gerus met enige behoefte vir administrasie en SAS opleiding.

2.7 2019 Kommando -en oord jaarverslae

Neem asseblief kennis van die inhandigingsdatum vir die 2019 kommando- en oordjaarverslae.

Alle 2019 kommandojaarverslae moet asseblief voor óf op 24 Januarie 2020 ingehandig word.

Die skakel vir die korrekte weergawe van die kommandojaarverslag is as volg:
https://transvaal.voortrekkers.co.za/kommandojaarverslag/

Die jaarverslag kan wel gestoor word indien al die inligting nie dadelik byderhand is nie.
Moet asseblief nie enige skakel óf ander dokumente gebruik nie.

Die 2019 oordjaarverslae met asseblief voor of op 14 Februarie 2020 ingehandig word.
Die huidige formaat op *Die Voortrekkers* se webblad word tans nog gebruik. Die nuwe formaat sal eersdaags aan almal beskikbaar gestel word.

3. Finansies en Terreine
(Terreine & Fondse)

3.1 Ledegeld 2020

Die ledegeld model (**Kommando heffing uitgesluit**) is as volg vir 2020

Ledegeld 2020	**Sluit aan en betaal teen 31 Mei 2020**	**Sluit aan en betaal van 1 Junie tot en met 30 Junie 2020**	**Sluit aan en betaal vanaf 1 Julie tot en met 31 Oktober 2020**
Jeuglede	R460.00 voortsetting R460.00 nuwe lid	R560.00 voortsetting R460.00 nuwe lid	R560.00 voortsetting R230.00 nuwe lid
Staatmakers	R210.00 voortsetting R210.00 nuwe lid	R310.00 voortsetting R210.00 nuwe lid	
Offisiere	R460.00 voortsetting R460.00 nuwe lid	R560.00 voortsetting R460.00 nuwe lid	R560.00 voortsetting R230.00 nuwe lid
Heemraadslede	R230.00 voortsetting R230.00 nuwe lid	R330.00 voortsetting R230.00 nuwe lid	

Let wel: Voortsetting is indien persoon die vorige jaar ‘n Voortrekker was, ongeag sy/haar tipe lidmaatskap dan.

Verdere riglyne wat toegepas moet word deur Kommando’s:

a) Volle registrasiegelde moet betaal wees om in te skryf vir Voorslag / PV, of om genomineer en verkies te word tot jeugraad of enige bestuursliggaam.

b) Indien persone aansluit vanaf 1 Julie gebeur dit met dien verstande dat getroue diens kentekens na oordeel van die Kommandobestuur toegeken word in ag geneem dat graadwielwerk afgehandel moet word en bywoning persentasie in ag geneem word sowel as erkenning vir spesialisasies verwerf.

3.2 Lidmaatskap 2020 korting vir volwasse lede langer as vyf (5) jaar lid

Die korting van R100 per volwasse lid wat in 2019 toegepas was vir ledegelde sal eers bespreek en besluit kan word tydens die Gebiedsbestuurvergadering van Februarie 2020 na die finansiële jaar van Transvaal afgesluit is en daar bepaal is of daar enige oorskot fondse beskikbaar is wat aangewend kan word hiervoor.

3.3 Terreine - Kommune

Daar is nog enkele kommune kamers beskikbaar vir 2020 vir voornemende studente. Kontak gerus die Gebiedskantoor by 012 430 3914 of 082 856 2981 of stuur ‘n e-pos aan kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za

4. Bemarking
(Groei)

4.1 Rol-die-wiele projek:

Baie dankie vir almal wat geesdriftig hierdie projek ondersteun het. Die fietstoer projek in samewerking met Oom Jakkie van der Colff was baie suksesvol. Amper 58,000 mense is met spesifieke Rol-die-Wiele plasings op Facebook bereik oor die vyf (5) weke! Amper 34,000 interaksies (Likes/comments/shares) is aangeteken en ons Facebookblad “volgelinge” het met 230 gegroei na oor 11,000 lede. Meer as 50 berigte oor Oom Jakkie en Die Voortrekkers is op TV, Netwerk 24 koerante, Maroela Media en verskeie plaaslike koerante geplaas. Daar was selfs verskeie streeks-radio onderhoude met Oom Jakkie gevoer. Die waarde van blootstelling is op amper R1,7 miljoen bereken. Drie nuwe kommandos is reeds op Oom Jakkie se pad gestig en samesprekings met ander skoolhoofde vind plaas oor stig van nog nuwe kommandos. Baie geluk en dank aan Oord Pretoria-Moot wat die projek ge-inisieer het en al die nuwe oorgangsoorde word uitgedaag om te kyk watter groot projekte hulle in die toekoms kan aanpak om hierby kers vas te hou!

4.2 2020

a) **Tema:** “Ons Glo”. Verskeie nasionale en gebieds projekte sal gereël word om saam te val met die 200ste verjaarsdag van die Bybelgenootskap; vrystelling van die nuwe Afrikaanse 2020 vertaling van Die Bybel en onthulling van twee geloofsmonumente deur Die Voortrekkers. Kommando’s word versoek om regdeur die jaar ook projekte te loots wat dui daarop hoe Die Voortrekkers “Glo” in ons Roeping om die jeug en ons gemeenskappe te dien.

b) ‘**n Verkenner You-tube Videokanaal word vir uitrol in 2020 beplan**:

‘n “Idols-tipe” video kompetisie word einde November onder verkenners geloods om videos gedurende die Desember vakansie te maak en te stuur vir deelname aan een van twee kategorieë-

- “Voor die kamera” verslaggewing (Aanbieding)
- “Agter die kamera” redigering (Tegnies)

Die sluitingsdatum is 31 Januarie 2020 en wenners sal in Februarie 2020 aangedui word.

Wenners sal ‘n eendag opleiding deur professionele persone ontvang (‘n Saterdag in Februarie 2020). Ons nuwe video-vervaardiging-spanne moet gereed wees teen aanvang van gebiedskampe in Maart 2020, om vir ons ‘n groot klomp nuwe aksie-en avontuurbelaaide videos te vervaardig oor wat Voortrekkers aanvang op bv. kampe ens.

Die gebiedsjeugraad sal skedules reël en bestuur vir videos om tydens kampe gemaak en geplaas te word op die nuwe Youtube kanaal.

c) **ARISS projek**

Die Voortrekkers is gekies as net een van agt “skole”/jeuginstansies wêreldwyd om met radio-kommunikasie met die NASA se Internasionale Ruimte Stasie ruimtevaarders te gesels in Maart 2020.

Dit gebeur die week van SPDW se kamp – presiese datum en tyd sal nog gekommunikeer word. Die stasie word spesifiek vir ons van sy wentelbaan gewysig om dan op ‘n spesifieke dag en tyd oor ons ruimte-gebied te beweeg – slegs een keer!

Ons het slegs 600 sekondes blootstelling: Gerhard Gericke (GG) sal 10 kinders op die n kamp identifiseer wat baie goed Engels kan praat om die 10 voorafopgestelde vrae aan die ruimtevaarders te vra.

Die Nasionale Radio-amateur Vereeniging sal die radio-stelsel in plek hê, tesame met rugsteun vir onvoorsiene probleme.

Landswye (veral ander kampe met Ruimtewaarneming/Kommunikasie spesialisasies) kan inluister in met ‘n tipiese “CQ Hou Koers” radio inskakeling. Groot skerm visuele inskakeling moet nog ondersoek word.

‘**n Spesifieke QSL verslag (“poskaart”) moet ontwikkel word wat na NASA gestuur moet word as bewys dat die gesprekke met die ISS plaasgevind het.**
Die QSL poskaart vereistes wórd binnekort met die kompetisie reëls uitgestuur aan all AKL Admins.

‘n Kompetisie word binnekort onder jeuglede geloods om die poskaart se voorblad te ontwerp. Die poskaart sal as ‘n 2020 nasionale projek (aandenking) deur die Voriemôl verkoop word.

Kuifie gaan die projek “aftel” deur “ruimte toe te gaan saam met kommando’s” die 30 dae voor T-nul. Kommando’s moet asseblief vindingryk aan hierdie virtuele aftelling saam met Kuifie deelneem! Kuifie sal op die dag ook by SPDW wees en pret hê saam met die Groen Dam-monster.

Groot nasionale en internasionale bemarking sal deur NK Bemarking uitgerol word.

d) **Bemarkings Werkswinkels:**

Die verskeie werkswinkels wat in 2019 gehou was, asook onlangs op die Gebiedsraad, was uiters suksesvol en waardevolle raad en planne is uitgeruil en lesse is geleer onder die bywoners.

Vier soortgelyke werkswinkels sal in die eerste helfte van 2020 in die vier nuwe oorgangsoorde gehou word.

Intussen word die “Bemarkingsmandjie”, soos voorheen deur Freek Eek en sy span opgestel, opgedateer en nuwe goed vir bemarkers word bygevoeg. Dit sal op die Nasionale Offisiere saamtrek by Parys in Januarie 2020 uitgegee word.

4.3 90-jaar Fees (2021)

Tema: “Voortrekkers gaan NOG Groter”

Verskeie moontlike word nog ondersoek maar daar is groot aanvraag en belangstelling dat weer iets soos die 75-jarige Saamtrek by die Voortrekkermonument gehou word.

Ons wil selfs so groot gaan dat ons ondersoek of dit moontlik is dat Die Voortrekkers probeer om 90 nuwe wêreldrekords tydens die saamtrek op te stel. As ons net dink aan al ons kostradisies kan die meeste hoeveelheid stokbrode/koeksisters/more-koffie/ens op ‘n betrokke oomblik gemaak word!

Alle kommando’s sal gevra word om deur die loop van die jaar ‘n “90-MINUTE” diensbaarheidsprojek te doen.

5. Penkop en drawwertjie sake
(Leer speel-speel)

Daar is ons weer aan die einde van nog ‘n jaar en kan ons weer met volgende jaar se beplanning begin!! Kyk gerus na die jaarprogram vir al die inligting nodig om vir die kinders ‘n heerlike Voortrekker jaar te beplan.

5.1 Gebiedskampe

Welgedaan aan al die suksesvolle gebiedskampe wat afgehandel is vir 2019. Dis met opwinding dat almal wag vir volgende jaar se inligting en sterkte met die beplanning van al die kampe. Almal waardeer die moeite en liefde wat daarin gesit word.

5.2 GGA/GGN

- Dankie vir die elektroniese terugvoer van die **offisiere** en **ouers** vanaf die GGA/GGN want daardie inligting word verwerk deur die taakgroep en terugvoer word gegee aan die betrokke kommando. As daar enige probleme gerapporteer word dit deur die taakgroep hanteer.
- Aansoeke vir 2020 GGA/GGN is ontvang en terugvoer aan die kommando en organiseerder sal teen einde November 2019 terugvoer ontvang.

5.3 Voorslag 2019

Baie geluk aan die 348 Voorslag kandidate wat die kamp bygewoon het en geslaag het. Elkeen het ‘n toekenning ontvang en almal is baie trots op hulle. Ons gelukwensing gaan ook aan die vyf Vrystaat jeuglede wat ons kamp bygewoon het en hulle terugvoer was dat hulle dit baie geniet het.

Hiermee solank die lys van 2020 se Voorslagliedjies wat deur Nasionaal bekend gemaak is:

1. Fillipense 4:4
2. Wat ‘n vriend het ons in Jesus
3. Sarie Marais
4. Suikerbos
5. Wandellied
6. As die oproep kon vir diens (wysie: Heidelied)
7. Land in die Suide
8. Hou Koers
9. Om ‘n kampvuur
10. As ek saans met my maats
11. Daar’s ‘n tydjie om te speel

5.4 Voorslag 2020:

Die kampdatum vir volgende jaar is 4-6 September 2020.

5.5 Werkboeke

Sorg asseblief dat die mees opgedateerde boek gebruik word soos beskikbaar op die Hou Koers webblad.

5.6 Spesialisasies

Daar is ‘n nuwe taakgroep onder leiding van Bertus Fourie gestig om die bestaande spesialisasies op te dateer. As enige persoon enige voorstelle of aanbevelings het laat weet ons by kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za. Die kantoor sal sorg dat die taakgroep al die inligting ontvang.

5.7 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

6. Verkennersake

(Produk in wording)

6.1 Presidentsverkenner proses 2020

Die sluitingsdatum vir deelname aan die 2020 Presidentsverkenner proses is 29 November 2019 om 12:00.

Let daarop dat die Gebiedskantoor die middag gesluit sal wees, en dus geen inskrywings na 12:00 sal kan ontvang nie.

7. Staatmakers

(Apart maar Saam)

7.1 Terugvoer vanaf die Staatmakers 2019

Graag wil ons begin deur afskeid te neem van die GSR van 2017/2019.

Baie dankie aan Wessel van der Walt, Charene Aggenbach en Magda van den Berg vir julle harde werk en toewyding aan die staatmakers in julle termyn.

Ons sê ook baie geluk aan die nuwe GSR 2019/2021, MJ Gouws as die nuwe Gebiedskakeldraer en Nerina van Wyk as die nuwe Adjunkgebiedskakeldraer.

Ons wens julle alle sterkte toe met julle termyn wat voorlê. Hou Koers!

Vanaf die Staatmakers se kant is ons baie opgewonde oor die veranderings wat voorlê in ons organisasie. Ons as die nuwe GSR beoog om die volgende twee jaar met passie en opwinding weer die staatmakers tot op nuwe hoogtes te dryf. Ons wil graag die getalle weer sien groei en die Staatmakers met diep wortels vestig.

In samewerking met die gebiedsdagbestuur gaan ons nuwe indentiteit aan die frase staatmakerlewe heg. Ons gaan bepaal waar in Die Voortrekkers daar behoeftes is aan staatmakerdiens en verteenwoordiging. Daar sal ‘n klomp kampvuur gesprekke gedurende die jaar gehou word waar ons van die sake gaan bespreek en hier is enigiemand welkom om hulle opinies en insette te kom lewer. Ons wil graag baie nuwe aksies op groepsvlak sowel as gebiedsvlak reël. Daar gaan ook vanaf volgende jaar sekere vereistes aan staatmaker groepe gestel word om hulle te help volhard in hulle diens aan *Die Voortrekkers*. Ons beoog ook om in die jaar 2021 n groot nasionale staatmakersaamtrek te reël tydens *Die Voortrekkers* se 90ste verjaarsdag vieringe.

Een van die grootste veranderinge wat gaan inkom is ‘n staatmakersleep. Staatmakergroepe gaan elke jaar ‘n sleep kry soos met die universiteitskoshuise, waar saam hulle dan onder andere aksies gaan moet reël en so paar ander ook. Die grootste doel van die sleep is om interaksie te kry tussen ons staatmakergroepe sodat ons saam as ‘n eenheid in die Voortrekkers kan staan. Verdere inligting hieroor sal in die komende jaar aan die groepleiers versprei word.

Ons saam met al die groepleiers sien uit om ons plekkie in *Die Voortrekkers* uit te kerf en staatmakers tot op nuwe hoogte te dryf.

8. Volwasse sake
(Oplei en toerus)

8.1 Opleidingsbehoefte

Behoefte aan spesifieke opleiding in jou Oord of Kommando? Of dalk vir nuwe kursus wat nie tans bestaan nie. Kontak Dirk van den Berg: 082 418 9467 / dirk@helpendehand.co.za

8.2 Spesop Opleiding

Het jy ‘n behoefte om betrokke te raak by Volwasse Opleiding? Kontak Dirk van den Berg: 082 418 9467 / dirk@helpendehand.co.za

Geseënde kersfees en veilige reis op ons paaie en kom weer veilig terug vir 2020!

9. Transvaal Pastorale Raadgewer

Willem Boshoff

`n Helder somerkersfees

Koos du Plessis het ons leer sing: Kersfees kom! Kersfees kom! Hierdie tyd van die jaar is al die tekens van `n Suid-Afrikaanse helder somerkersfees reeds in die lug. Die temperature styg (dikwels) tot bokant 30° C, die trekvoëls het in groot getalle teruggekeer, die lenteblomme is al amper almal uitgeblom en die vrugte begin lyf kry, af en toe herinner `n donderstorm ons dat ons in die somerreënvalgebied woon en, miskien die belangrikste teken, baie mense begin praat oor en regmaak vir hulle groot somervakansie.

Somer hou baie beloftes in, maar die twee sake waaroor ek wil praat is die kort rus van die somervakansie en die groot nuus van Kersfees.

Vir die meeste Voortrekkers is die somervakansie regtig `n vakansie!
Die meeste is nie oppad na groot gebiedskampe om kursusse te gaan aanbied of te deurloop nie. Die meeste spanne en kommando's het afgesluit met hulle aktiwiteite en skep asem om volgende jaar weer te hervat. Dit is baie goed so, want ons het hierdie vakansie baie nodig en 2020 gaan genoeg eise van sy eie stel. Ons hoop daar gaan getallegroei wees en dit sal in ons kommandoverband hanteer moet word. Ons weet ook daar gaan onsekerheid in die land wees en ons sal ons daarteen moet staal daarom moet ons teen die tyd dat die Nasionale Offisieresaamtrek plaasvind, uitgerus wees.

Maar tussen nou en die Nasionale Offisieresaamtrek lê Kersfees ook om die draai. Volgens Lukas se evangelie het skaapwagters in die veld die boodskap gehoor dat daar in die stad van Dawid vir hulle die Verlosser gebore is, Christus die Here. Hulle het dadelik gaan kyk en alles gevind soos dit bekendgemaak is. Hulle het dit met verwondering gesien en daarna teruggegaan na hulle skape toe, terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Hulle kon nie stilbly nie.

Tegelykertyd het Maria al die dinge wat sy gehoor het, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink.

Dit is die dubbele boodskap van Kersfees: hoor daarvan en vertel vir almal en hoor daarvan en dink daaroor na. Kersfees moet ons na buite en na binne verander deur met vreugde daarvan te vertel en met verwondering daaroor na te dink.

`n Baie geseënde Kersfees vir elkeen.

Voortrekkergroete

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 - anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
MJ Gouws – GSD (082 253 5977 - gouwsmj25@gmail.com)